



Verwysing: 20210726-4602
Lêerno.: 13/11/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0010/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Voorkoming van onreëlmatighede tydens die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en Senior Sertifikaat (SS)-eksamen

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement bedank alle prinsipale en opsieners vir die uitstekende manier waarop die gekombineerde 2020 Junie en November eksamen en die 2021 Junie eksamen oor die algemeen afgeneem is.
2. 'n Paar onreëlmatighede het egter met die administrasie en bestuur van die eksamen gepaard gegaan. Die volgende onreëlmatighede het tydens die afneem van die 2020 gekombineerde Junie en November eksamen plaasgevind:

Tipe onreëlmatigheid	Getal gevalle aangemeld
Selfoon	14
Ongemagtigde materiaal	9
Kandidaat wat die verkeerde vraestel geskryf het	6
Antwoordstel uit lokaal verwyder	3
Antwoordstel laat ontvang	7

3. Hierdie minuut moet saamgelees word met Assesseringsbestuurminuut 0013/2017, gedateer 24 Augustus 2017.

4. Die volgende onreëlmatighede kom voor met die administrasie, bestuur en afneem van die eksamen:
 - 4.1 Selfoon en/of elektroniese toestelle.
 - 4.2 Ongemagtigde materiaal.
 - 4.3 Kandidate skryf die verkeerde vraestel (d.w.s. Huistaal in plaas van Eerste Addisionele Taal).
 - 4.4 Kandidaat ontvang hulp van 'n medekandidaat.
 - 4.5 Kandidaat verlaat die eksamenlokaal met sy/haar antwoordstel en/of antwoordblad.
 - 4.6 Antwoordstel is verkeerdelik verpak.
 - 4.7 Antwoordstel ontbreek of het verlore geraak – gevind tussen vraestelle en/of ongebruikte materiaal in die instapkluis.
 - 4.8 Antwoordstel word 'n dag na die eksamen afgeneem is, in die eksamenlokaal gevind.
 - 4.9 Antwoordstelle is afsonderlik ingedien.
5. **Bylae A** bevat inligting oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer 'n onreëlmatigheid plaasvind, asook die gevolge en sanksies vir die kandidaat, en verskaf ook riglyne oor hoe om hierdie onreëlmatighede te voorkom.
6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, opsieners, ouers en leerders te bring om te verseker dat alle rolspelers ten volle ingelig is van die bestuur van onreëlmatighede tydens die eksamens.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-07-30